Oordenking
14 Januarie 2009

God waarborg dat Hy by ons bly

2 Korintiërs 1:21-22: God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.

Dit is God self wat ons op die vaste grond, Jesus Christus, laat staan. Ons kan dit nie self bewerkstellig nie en ons sou nie uit ons eie gekies het om op Christus te staan nie. Dit is God wat dit alles vir ons doen en as ek vind dat ek op die beloftes van Christus vertrou, kan ek seker wees dat God my geroep het en my vir Hom afgesonder het in Jesus.

Die kruis van Jesus is die brug waaroor ek gaan wanneer ek van ‘n vreemdeling vir God tot ‘n kind van God verander. Deur die vergifnis wat ons in Christus ontvang, staan ek op vaste grond en deur sy oorwinning kan ek bly staan onder alle omstandighede. Net Jesus alleen is die beginpunt van ons verhouding met die Here. Wat daarop volg, ons hele lewe saam met die Here en selfs die ewige lewe by God, word deur drie baie betekenisvolle woorde saamgevat:
Beseël, gegee (of gedeponeer) en gewaarborg.

Beseël: Konings, goewerneurs en selfs die keiser het die afdruk van die ontwerp op sy ring deur middel van byewas op dokumente geplaas om te sertifiseer dat ‘n dokument outentiek was. Die dokument was dan “beseël”. ‘n Beseëlde dokument was werklik afkomstig van so ‘n belangrike man en kon geglo word en jy moes daarop reageer.
As ons vind dat die Heilige Gees in ons lewens werk, weet ons God het ons beseël as ware kinders van Hom.

Gegee: *(die Afrikaanse teks gee nie die oorspronklike betekenis van “’n deposito betaal” so duidelik weer nie.)* Ek gee ’n deposito as ‘n vaste belofte dat ek iets koop en dit is ’n versekering dat ek al die paaiemente wat daarop volg, ook gaan betaal. Wanneer God die Heilige Gees in ons lewens gee, of deponeer, weet ons in geloof dat alles wat aan God se kinders beloof word ook daarop sal volg: sy teenwoordigheid, sy redding, sy oorwinning, gawes, vrug en selfs die ewige lewe. Eers word geloof aan ons gegee en dan sal God ons nooit weer verlaat nie, totdat ons eendag die volmaakte heerlikheid as een van die heiliges rondom sy troon in die wonderbare lig van sy hemel sal ervaar. Die inwoning van die Gees van God in ons lewens is die deposito wat God gee wat ons opgewonde maak oor baie meer wat kinders van God op hul lewensreis van die Here sal ontvang.

Gewaarborg: Die waarheid dat ons as ware kinders van God deur die Gees beseël is toe Hy die Gees vir ons gegee het, gee aan ons die versekering dat die Here ons God is en dat niks ons van Hom af kan wegskeur nie of ons lewensreis saam met Hom kan ontspoor nie. As die Heilige Gees deel van ons lewens is, het ons ‘n waarborg dat al God se beloftes aan ons vervul sal word. Ons God sal ons nooit weer laat vaar nie!

In die siniese kultuur waarin ons leef dink mense nie meer dat enige waarborge bestaan nie. God se mense staan egter vas op Christus en ons weet dat ons tot in ewigheid as ware kinders van God beseël is. Ons God het ‘n betekenisvolle waarborg daarvan aan ons gegee – die Heilige Gees self! Daarom kan ons met groot vreugde al die wonders wat God daardeur vir ons waarborg, verwag.

Wees dapper, wees vol vertroue en wees opgewonde! God sal sekerlik die reis wat Hy met ons begin het toe Hy Jesus vir ons as Saligmaker en Redder gegee het, voltooi! Leef en werk vir Hom, aanbid Hom en wees lief vir Hom, gehoorsaam Hom en dien Hom met blydskap, want jy is altyd veilig in die Here.